



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2012

REKENINGKUNDE

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit 6 verpligte vrae.
2. Beantwoord AL die vrae in die spesiale antwoordeboek wat voorsien word.
3. Waar moontlik, moet bewerkinge getoon word om deelpunte te verdien.
4. Nieprogrammeerbare rekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag 'n donker potlood of swart/blou pen gebruik om jou vrae te beantwoord.
6. 'n Uiteensetting van vrae word voorsien. Jy moet probeer om by die voorgestelde tyd vir elke vraag te hou.

Gebruik die inligting in die gegewe tabel as riglyn om jou vrae te beantwoord. Om goeie tydsbestuur te bewerkstellig, moet jy probeer om NIE van tydsindeling af te wyk nie.

VRAAG 1: (45 punte ; 27 minute)	
<i>Onderwerp van die vraag</i>	<i>Leeruitkomst gedek</i>
Vervaardigingsondernemings	LU2 Bestuursrekeningkunde <ul style="list-style-type: none"> • Produksiekostestaat en Gelykbreekpunt Ontleding LU3 Bestuursbronne <ul style="list-style-type: none"> • Interne kontrole

VRAAG 2: (55 punte ; 33 minute)	
<i>Onderwerp van die vraag</i>	<i>Leeruitkomst gedek</i>
Begroting en vertolking	LU2 Bestuursrekeningkunde <ul style="list-style-type: none"> • Opstel en ontleding van kontantbegrotingsinligting LU1 <ul style="list-style-type: none"> • Berekening en lewer van kommentaar op verhoudings

Vraag 3: (65 punte ; 39 minute)	
<i>Onderwerp van die vraag</i>	<i>Leeruitkomst gedek</i>
Maatskappye – Finansiële State	LU1 Finansiële Rekeningkunde Basiese begrippe en finansiële state.

VRAAG 4: (60 punte ; 36 minute)	
<i>Onderwerp van die vraag</i>	<i>Leeruitkomst gedek</i>
Maatskappye – Kontantvloei, Verhoudings en Vertolking.	LU1 Finansiële Rekeningkunde <ul style="list-style-type: none"> • Opstel van Kontantvloeistaat • Berekening en interpretasie van verhoudings en ander finansiële aanwysers LU3 Bestuursbronne <ul style="list-style-type: none"> • Interne kontrole, etiese gedrag, korporatiewe gedrag en ouditering

VRAAG 5: (40 punte ; 24 minute)	
<i>Onderwerp van die vraag</i>	<i>Leeruitkomst gedek</i>
Versoenings en BTW	LU1 Finansiële Rekeningkunde <ul style="list-style-type: none"> • Vertolking van Bank-en Debiteure-Versoeningsinligting. LU3 Bestuursbronne <ul style="list-style-type: none"> • Interne Kontrole en Etiese gedrag

VRAAG 6: (35 punte ; 21 minute)	
<i>Onderwerp van vraag</i>	<i>Leeruitkomst gedek</i>
Voorraadwaardasie en Batebestuur	LU3 Bestuursbronne <ul style="list-style-type: none"> • Voorraadwaardasiemetodes • Bateverkope en Bestuur van Vaste bates

VRAAG 1

VERVAARDIGINGSONDERNEMINGS

(45 punte ; 27 minute)

Web Vervaardigers is 'n maatskappy wat handsakke vervaardig. Hulle finansiële jaar eindig elke jaar op 31 Desember.

OPDRAGTE:

- 1.1 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui van **(a)** tot **(e)** op die onderstaande Staat en Notas wat voorsien word. (15)
- 1.2 Deur van die addisionele inligting gebruik te maak, voltooi die Nota:
Vervaardigingskoste (Fabrieksboekoste) (8)
- 1.3 Bereken die eenheidskoste van die klaarprodukte vervaardig. (3)
- 1.4 Bereken die Bruto-wins vir die jaar. (5)
- 1.5 Kan die besigheid tevrede wees met: (3)
- a) Die totale eenhede wat gedurende die jaar vervaardig is? Verduidelik. (3)
- b) Die gelykbreekpunt van die vervaardigde eenhede van die jaar in vergeleke met verlede jaar. Verduidelik. (3)
- 1.6 Die interne ouditeur neem waar dat die oortyd verdienste 'n groot persentasie van die totale produksielone bedra. Hy versoek dat die produksiebestuurspan die saak moet ondersoek.
- 1.6.1 Verduidelik kortliks die rol van die interne ouditeur. (2)
- 1.6.2 Noem TWEE probleme wat die besigheid kan ervaar en stel gepaste interne kontrolemaatreëls voor wat gebruik kan word om die interne ouditeur te help om dit reg te stel. (6)

INLIGTING:**1. PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR EINDIGENDE 31 DESEMBER 2011**

Direkte Materiaalkoste	Nota 1	359 320
Direkte Arbeidskoste		(a)
PRIMÊRE KOSTE		(b)
Vervaardigingskoste (Fabrieksboekoste)	Nota 2	178 544
TOTALE PRODUKSIEKOSTE		(c)
Goedere in Bewerking (1 Januarie 2011)		32 500
Goedere in Bewerking (31 Desember 2011)		(d)
KOSTE VAN PRODUKSIE VAN KLAARPRODUKTE		630 500

Nota 1: Direkte Materiaalkoste

Direkte grondstowwe (1 Januarie 2011)	32 500
Aankope gedurende die jaar	351 500
Direkte grondstowwe voorraad (31 Desember 2011)	(e)
Materiaal gebruik in vervaardiging	359 320

Nota 2: Vervaardigingskoste (Fabrieksboekoste)

Indirekte Arbeid	42 500
Indirekte Fabrieksmateriaal	*
Versekering	*
Water en Elektrisiteit	*
Waardevermindering van fabrieksaanleg en -masjinerie	25 000
Diverse uitgawes	19 084
	178 544

2. Produksielone :

Lone verdien gedurende gewone tyd, R32 736
 Oortydverdiensies: 156 ure aangeteken teen R350 per uur

3. Voorraadinligting:

	31 DES 2011	31 DES 2010
Klaarprodukte Voorraad	82 960 3318 EENHEDE	67 680 2706 EENHEDE
Indirekte Fabrieksmateriaal	3 250	2 260

4. Addisionele inligting:

- Totale aankope van indirekte fabrieksmateriaal – R48 190.
- Totale opbrengs van verkope – R1 069 600.
- Versekeringsuitgawe bedra R19 600.
60% hiervan moet aan die fabriek toegeken word.
- Water en Elektrisiteit bedra R52 800. Dit moet toegeken word aan die fabrieks-, verkope- en administratiewe departemente in die verhouding **5: 2 : 1**.

4.		2011	2010
	Aantal eenhede vervaardig	25 220	?
	Gelykbreekpunt van die eenhede	21 400	18 700

45

VRAAG 2**KONTANTBEGROTINGS EN ONTLEDING****(55 punte; 31 minute)**

Freedom Handelaars is 'n klein kruidenierswinkel. Hulle winsopslag op kosprys is 30% en hulle produkte het in die algemeen 'n drie-maande rakleef tyd.

Die assistent vir die boekhouer het 'n kontantbegroting vir die drie maande eindigende 31 Maart 2012 opgestel. Dit wil voorkom dat daar sekere foute in die begroting is.

OPDRAGTE:

- 2.1 Identifiseer DRIE items (in die gegewe kontantbegroting) wat nie in 'n kontantbegroting behoort te wees nie. *Noem hulle in die plek daarvoor voorsien.* (3)
- 2.2 Voltooi die Krediteure-Betalingskedule vir die drie maande eindigende 31 Maart 2012. (18)
- 2.3 Advertensies verskyn in die Geprojekteerde Inkomstestaats soos volg:

	JANUARIE	FEBRUARIE	MAART
Advertensies	1 200	1 200	1 200

- Verduidelik waarom die bedrag/e verskil van die bedrag/e in die Kontantbegroting. (3)
- 2.4 Bereken die volgende:
- 2.4.1 Die winsopslag persentasie op kosprys behaal vir die jaar eindigende 31 Desember 2011. (3)
- 2.4.2 Die bedrae verteenwoordig **(a)**, **(b)** en **(c)** op die begroting. (6)
- 2.4.3 Die gemiddelde debiteure-invorderingstydperk vir 2011 (in maande). (5)
- 2.4.4 Deur van die vuurproefverhouding van 2011 gebruik te maak, bereken die Krediteure se saldo op 31 Desember 2011. (5)
- 2.5 Dink jy dat Freedom Handelaars waarskynlik likiditeitsprobleme kan ondervind? Motiveer jou antwoord deur van die likiditeitsverhoudings wat gegee word, gebruik te maak. (6)
- 2.6 Lewer kommentaar op die Debiteure-invorderings- en die Krediteure-betalingstydperk en maak 'n voorstel hoedat dit meer effektief bestuur kan word. (4)
- 2.7 Die besigheid beplan om 'n lening van R400 000 in Maart 2012 te bekom. Verduidelik waarom jy dink dit 'n wyse, of onwyse besluit is. (2)

INLIGTING:**A Inligting van die finansiële state op 31 Desember 2011:**

Verkope	2 466 000
Koste van Verkope	1 972 800
Handelsvoorraad	657 600
Debiteurekontrole (1 Januarie 2011)	70 120
Debiteurekontrole (31 Desember 2011)	94 280

B Kontantbegroting vir die periode eindigende 31 Maart 2012

	JANUARIE	FEBRUARIE	MAART
KONTANTONTVANGSTES			
Kontantverkope	400 000	380 000	390 000
Kontant ontvang van Debiteure	35 000	36 000	34 000
Diverse Kontantinkomste	4 000	5 000	3 000
Lening			400 000
TOTALE ONTVANGSTES	439 000	421 000	827 000
KONTANTBETALINGS			
Koste van Verkope	320 000	310 000	312 000
Kontantaankope van Handelsvoorraad	192 000	186 000	187 200
Korting toegestaan	400	460	380
Waardevermindering op voertuig	700	700	700
Lone	18 000	18 000	(a)
Rente op lening	-	-	2 000
Rente op oortrokke rekening	650	2 560	4 500
Oninbare skulde	1 200	1 400	1 800
Advertensies		2 400	
Diverse Kontantuitgawes	16 000	16 400	(b)
TOTALE BETALINGS	548 950	537 920	?
Oorskot/Tekort	(109 950)	(116 920)	?
Bank (Beginsaldo)	(40 000)	(149 950)	(c)
Bank (Eindsaldo)	(149 950)	(266 870)	?

C	10% van verkope is op krediet.						
D	Die werknemers verwag om 'n 6% verhoging in Maart 2012 te ontvang.						
E	Diverse kontantuitgawes is 'n vaste persentasie verhoging vir elke maand toegeken.						
F	Die volgende verhoudings is vir 2011 bereken: <table border="1" data-bbox="293 1668 863 1749"> <tr> <td>Bedryfsverhouding</td> <td>4 : 1</td> </tr> <tr> <td>Vuurproefverhouding</td> <td>0,5 : 1</td> </tr> </table>	Bedryfsverhouding	4 : 1	Vuurproefverhouding	0,5 : 1		
Bedryfsverhouding	4 : 1						
Vuurproefverhouding	0,5 : 1						
G	Freedom Handelaars handhaaf 'n vaste handelsvoorraad basis. Die koste van verkope vir November 2011 en Desember 2011 was R316 000 en R360 000 onderskeidelik.						
H	40% van alle voorraad word op krediet aangekoop.						
I	Gebaseer op vorige ondervinding, word daar verwag dat krediteure soos volg betaal sal word: <table border="1" data-bbox="341 1973 1380 2080"> <tr> <td>10%</td> <td>in die maand van aankope, onderhewig aan 5% korting</td> </tr> <tr> <td>75%</td> <td>in die maand wat volg op aankope</td> </tr> <tr> <td>15%</td> <td>In tweede maand na aankope</td> </tr> </table>	10%	in die maand van aankope, onderhewig aan 5% korting	75%	in die maand wat volg op aankope	15%	In tweede maand na aankope
10%	in die maand van aankope, onderhewig aan 5% korting						
75%	in die maand wat volg op aankope						
15%	In tweede maand na aankope						

VRAAG 3**MAATSKAPPY – FINANSIËLE STATE****(65 punte ; 39 minute)**

Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die boeke van KR Handelaars BPK vir die jaar eindigende 29 Februarie 2012.

Die maatskappy is geregistreer met 'n Gemagtigde Aandelekapitaal van 150 000 gewone aandele van R5 elk.

OPDRAGTE:

- 3.1 Stel 'n Inkomstestaats vir die jaar eindigende 29 Februarie 2012 op.
(*Toon bewerkinge tussen hakies om deelpunte te verdien.*) (36)
- 3.2 Voltooi die volgende notas tot die finansiële state:
- 3.2.1 Behoue inkomste (7)
- 3.2.2 Handels- en ander Ontvangbare Bedrae (11)
- 3.3 Bereken die verdienste per aandeel (VPA), en verduidelik die nuttigheid van die finansiële aanwyser. (5)
- 3.4 Lewer kommentaar op die finansiële hefboomeffek/“gearing” van die maatskappy. Gebruik 'n geskikte verhouding of aanwyser in jou verduideliking. (6)

INLIGTING:**A. Voor-aansuiwerings saldo's en totale op 29 Februarie 2012: (onder andere)**

Gewone Aandelekapitaal		350 000
Aandelepremie		35 750
Behoue Inkomste		22 200
SAID – Inkomstebelasting	37 000	
Toerusting	60 000	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		27 400
Handelsvoorraad	26 625	
Debiteurekontrole	17 245	
Kontant en kontantekwivalente	12 455	
Krediteurekontrole		22 188
Voorsiening vir Oninbare Skulde		833
Vaste Deposito (Protea Bank, 14%p.j. rente)	55 000	
Lening : Unie Bank		47 500
Verkope		454 300
Koste van Verkope	222 600	
Debiteure-afslag	2 700	
Telefoon	2 437	
Ouditfooie	4 450	
Oninbare Skulde	2 142	
Oninbare Skulde Ingevorder		840
Rente op lening	3 525	
Rente op oortrokke rekening		250
Versekering	6 540	
Skryfbehoeftes	1 777	
Huurinkomste		45 500
Direkteursfooie	157 500	
Bankkoste	383	
Rente op vaste deposito		5 775
Gewone aandeel dividende	10 350	
Salarisse	15 180	

B. Aansuiwerings en Addisionele Inligting:

1. Met voorraadopname op 29 Februarie 2012 was die volgende voorraad voorhande:
 - Handelsvoorraad R25 375
 - Skryfbehoeftes R147
2. Die rekening van die debiteur, J. Green, R353, moet as oninbaar afgeskryf word.
3. A. Apple se kredietsaldo van R308 in die debiteure grootboek moet oorgedra word na sy rekening in die krediteure grootboek.
4. Die voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot 4% van die debiteure se saldo.
5. Waardevermindering op toerusting bedra R4 890.
6. Huurinkomste sluit die huur tot en met 30 April 2012 in.
7. Versekering sluit 'n jaarlikse premie van R4 500 in en is ten volle betaal op 1 Augustus 2011.
8. Die maatskappy het 3 direkteure. Hulle verdien almal dieselfde maandelikse vergoeding. Een direkteur het sy Februarie 2012 fooi op 7 Maart 2012 geneem.
9. Die uitstaande rente op belegging moet in berekening gebring word.
10. R2 500 van die lening is betaalbaar op 1 Desember elke jaar. Rente teen 12% p.j. is in berekening gebring.
11. Inkomstebelasting vir die jaar bedra, R36 630.
12. Op 1 Desember 2011, is 5 000 addisionele aandele teen R5,95 elk uitgereik. Die geld is ontvang en die transaksie is in die boeke aangeteken.
13. 'n Finale dividend van 4% van die pariwaarde (R5 aandele) is verklaar.

VRAAG 4**KONTANTVLOEISTAAT, VERHOUDINGS EN VERTOLKING****(60 punte ; 36 minute)**

Outback BPK verkoop kamptoeerusting en ander buitelig aktiwiteitsitems.
Hul winsopslag is 25%

Op 30 November 2010, het hulle 800 000 gewone aandele uitgereik gehad.

Op 1 Desember 2010, het hulle 'n verdere 80 000 aandele uitgereik.

OPDRAGTE:**4.1 Kontantvloeistaat**

- 4.1.1 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar eindigende 30 November 2011. (*Toon bewerkinge tussen hakies om deelpunte te verdien.*) (24)
- 4.1.2 Berei die nota vir KONTANT GEGENEREER DEUR BEDRYFSAKTIWITEITE voor. (16)

4.2 Verhoudings en Vertolking

- 4.2.1 Teen watter prys is die addisionele aandele uitgereik? (4)
- 4.2.2 Bereken die gemiddelde opbrengs op aandeelhoudersbelang vir die jaar eindigende 30 November 2011. (5)
- 4.2.3 Verduidelik of jy dink dat die aandeelhouders gelukkig kan wees met die opbrengs op hulle beleggings. (Opbrengs op aandeelhouders ekwiteit vir 2010: 17%) (2)
- 4.2.4 Bereken die dividend per aandeel (DPA) vir die jaar eindigende, 30 November 2011. (2)
- 4.2.5 Gee 'n rede hoekom jy dink dat die finale dividend die jaar baie laer as die tussentydse dividend was. (2)
- 4.2.5 Die netto batewaarde (NBW) vir 2011 is 266c. Noem EEN faktor wat aanleiding kon gee tot die verhoging in die netto batewaarde. (2)
- 4.2.7 Indien die markprys van die aandele van Outback BPK 252c is, sal dit 'n wyse besluit wees om nou van hulle te koop? Verduidelik. (3)

INLIGTING :**A Inligting van die Inkomstestaat vir die jaar eindigende 30 November 2011.**

Waardevermindering	56 000
Nettowins voor Inkomstebelasting	957 000
Nettowins na Inkomstebelasting	507 000

B Inligting van die Balansstaat soos op 30 November 2011

	NOV 2011	NOV 2010
Tasbare Bates (Vaste Bates) teen drawaarde	1 841 625	1 742 625
Voorraad	850 300	720 500
Handels- en ander Ontvangbare bedrae (Nota 1 hier onder)	480 000	562 200
Kontant en Kontantekwivalente	88 975	-
Gewone Aandelekapitaal	2 200 000	2 000 000
Aandelepremie	104 000	100 000
Behoue Inkomste	35 000	12 000
Nie- Bedryfslaste: Lening: BB Bank	320 000	350 000
Handels – en ander Betaalbare bedrae (Nota 2 hieronder)	601 900	508 325
Oortrokke bankrekening	-	55 000

C ADDISIONELE INLIGTING:

1. Handels- en ander Ontvangbare bedrae	2011	2010
Handelsdebiteure	465 000	550 000
Opgelope Inkomste	15 000	10 000
SAID- Inkomstebelasting	--	2 200

2. Handels- en ander Betaalbare bedrae	2011	2010
Handelskrediteure	414 700	370 700
Opgelope Uitgawes	8 800	9 625
SAID – Inkomstebelasting	2 400	--
Aandeehouers vir dividende	176 000	128 000

- Die terugbetaling van die lening is op 1 Junie 2011 gemaak. Rente op lening teen 11%p.j. is betaal.
- Tasbare/Vaste Bates :
 - Tasbare Bates bestaan uit Geboue, Voertuie en Toerusting.
 - Verbeterings aan Geboue is gedurende die finansiële jaar gemaak.
 - 'n Voertuig is teen drawaarde vir R85 000 verkoop.
- Tussentydse dividende is op 31 Mei 2011 betaal: **R308 000.**

VRAAG 5**VERSOENINGS en BTW****(40 punte ; 24 minute)****5.1 Krediteure**

Die onderstaande inligting is 'n uittreksel uit die boeke van Siwendu Handelaars vir Augustus 2012:

Die krediteure grootboekrekening van Kay Lee Voorsieners ('n krediteur) en die rekeningstaat ontvang van Kay Lee Voorsieners word voorsien.

Siwendu Handelaars ontvang 5% handelskorting op alle aankope bo R3 000.

OPDRAGTE:

- 5.1.1 Bereken die korrekte saldo van Kay Lee Voorsieners in die Krediteure Grootboek.
Toon alle bewerkinge. (6)
- 5.1.2 Stel die Krediteure Versoening op 31 Augustus 2012 op. (6)

INLIGTING:

- A Die Krediteure grootboekrekening van Kay Lee Voorsieners in die boeke van Siwendu Handelaars.

KREDITEURE GROOTBOEK VAN SIWENDU HANDELAARS

KAY LEE VOORSIENERS (KG6)						
2012				DEBIET	KREDIET	SALDO
Aug	1	Aan rekening gelewer				32 600
	8	Faktuur X12	KJ		8 664	41 264
	15	Tjek 887	KBJ	8 000		33 264
		Korting Ontvang	KBJ	800		32 464
	20	Faktuur X56	KJ		2 280	34 744
	22	Faktuur 776	KJ		1 690	36 434
	27	Debietnota 90	KAJ		370	36 804

- B Die volgende rekeningstaat is van Kay Lee Voorsieners ontvang.

REKENINGSTAAT				
Kay Lee Voorsieners			City Straat 56	
			Spinlake	
REKENING VAN: SIWENDU HANDELAARS			25 Augustus 2012	
2012	1	Saldo		37 600
Augustus		<i>Betaling – tjek 798 (ontvang op 29/07/2012)</i>		(5 000)
	8	<i>Aankope – Faktuur X12</i>		9 120
	15	<i>Betaling, ontvang tjek 887</i>		(8 000)
	20	<i>Aankope – Faktuur X56</i>		2 880
	22	<i>Kredietnota 47 – goedere teruggestuur</i>		(606)
		<i>Eindsaldo</i>		35 994
Hierdie rekeningstaat sluit alle transaksies tot en met 25 ^{ste} van die huidige maand in.				

- C. Deur die Krediteure Grootboekrekening met die rekeningstaat wat ontvang is te vergelyk, is die volgende opgemerk:
1. Die rekeningstaat het nie die 5% handelskorting op die goedere, aangekoop op die 8ste, in berekening gebring nie.
 2. Die korting vir die vroeë betaling van die rekening op die 15^{de} is nie op die rekeningstaat in berekening gebring nie.
 3. Die rekening dui die korrekte bedrag vir die aankope van voorraad op die 20^{ste} aan.
 4. Die inskrywing op die 22^{ste} was vir goedere aangekoop van Khaya Winkels en nie van Kay Lee Winkels nie.
 5. 'n Debietnota vir goedere teruggestuur aan Kay Lee Winkels, R370, is foutiewelik na die verkeerde kant van die grootboek oorgeboek.
 6. Die kredietnota op die 22^{ste} is 'n fout op die rekeningstaat.

5.2 Debiteure

Jy word voorsien van die Debiteurekontrolerekening soos dit verskyn in die boeke van JP Winkels, tesame met die oorboekingsfoute en weglatings.

OPDRAGTE:

- 5.2.1 Doen 'n verbeterde Debiteurekontrolerekening
Suiwer die gepaste joernale se totale, met die verbeteringe, aan en dui die veranderinge in hakies aan om deelpunte te verdien. (14)
- 5.2.2 Die kredietkontroleur besef dat die debiteure-afslag te hoog is.
• Wat kan die besigheid doen om die bedrag te verminder? (*Twee punte*) (4)
- 5.2.3 'n Debiteur, B. Brom is belas met 12% p.j. rente op sy agterstallige rekening van R3 450 vir 3 maande. Hy beweer dat sy boete onregverdig was aangesien sy mees onlangse aankope van R1 250 in die maand gedoen is.
• Verduidelik waarom jy met hom saamstem. (3)
- 5.2.4 Die besigheid maak gebruik van die faktuurbasis-metode om die BTW te bepaal.
• Beskryf kortliks die metode. (3)
• As gevolg van die kontantvloei-probleme wat die besigheid ondervind, het die eienaar besluit om die INSET-BTW met R 7 500 op die BTW-vorm te verhoog. Watter implikasies kan dit vir die besigheid, en die eienaar inhou? (4)

INLIGTING:

a.

ALGEMENE GROOTBOEK VAN JP WINKELS
BALANSSTAATREKENINGE AFDELING
DEBITEUREKONTROLE (B6)

2011 Mei	1	Saldo		21 670	2011 Mei	31	Bank		12 530
	31	Diverse Rekeninge	DJ	13 326			Korting Toegestaan		470
		Bank		483			Diverse Rekeninge	DAJ	2 736
		Diverse Debiete	AJ	537			Divers Krediete	AJ	700

b. **Addisionele inligting**

- *Al die bedrae in grootboek sluit BTW in. (tensy anders aangetoon).*

1	Op 31 Mei is 'n tjek van R 513 gemerk, "V/T-onvoldoende fondse" van die bank terug ontvang. Hierdie tjek is ontvang van 'n debiteur, V. Stik, ter vereffening van sy rekening nadat 10% korting toegestaan is. Hierdie transaksie is nog nie aangeteken nie.
2	'n Kredietnota vir R114 (BTW ingesluit) is in die joernaal as R141 aangeteken.
3	Die Debiteure Joernaal is met R330 te veel opgetel.
4	Goedere teruggestuur deur 'n debiteur, R250 (BTW uitgesluit) is nie aangeteken nie.
5	'n Debiteur wie se rekening voorheen as oninbaar afgeskryf is, betaal R500 van die bedrag wat hy skuld.
6	Die rekening van V. Stik (No. 1 hierbo), moet as oninbaar afgeskryf word..

VRAAG 6**VOORRAADWAARDASIE EN BATEBESTUUR****(35 punte; 21 minute)****6.1 VOORRAADWAARDASIE**

Perkin Winkels verkoop LCD “flat screen” televisiestelle aan die publiek. Hulle finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2012. Die kosprys van die produk wat hulle verkoop, het merkwaardig verander as gevolg van nuwer en verbeterde modelle wat op die mark verskyn het. Barry Perkin, die eienaar, voel gemaklik met die verkoop van die dieselfde ou model.

OPDRAGTE:

- 6.1.1 Perkin Winkels maak gebruik van die geweegde-gemiddelde metode om hulle voorraad te waardeer.
Bereken die slotvoorraad deur van bogenoemde metode gebruik te maak. (4)
- 6.1.2 Bereken die bruto-wins op die TV stelle verkoop vir die jaar deur van die geweegde-gemiddelde metode gebruik te maak. (3)
- 6.1.3 Perkin oorweeg om na die EIEU metode van voorraad waardasie oor te slaan.
Bereken die bruto-wins deur van die metode gebruik te maak. (4)
- 6.1.4 Watter metode is volgens jou mening die mees geskikte een om te gebruik?
Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)
- 6.1.5 Alhoewel Perkin vasbeslote is om dieselfde TV stelle te verkoop, besef hy dat daar 'n merkwaardige verskil tussen die aantal eenhede wat hy aan die begin van die jaar gehad het en sy slotvoorraad is nie.
Verduidelik waarom hy bekommerd behoort te wees oor die neiging en noem TWEE voorstelle hoedat hy hierdie situasie kan oplos. (6)

INLIGTING:

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Perkin Winkels vir die jaar eindigende 29 Februarie 2012: Die verkoopprijs van die TV is vasgestel op R9 500.

VOORRAADREKORDS	AANTAL EENHEDE	EENHEIDSPRYS	TOTALE WAARDE
Beginsaldo (1 Maart 2011)	80	5 950	476 000
Aankope gedurende die jaar	850		4 265 400
Mei 2011	300	5 550	1 665 000
Augustus 2011	320	4 820	1 542 400
Januarie 2012	230	4 600	1 058 000
Totaal beskikbaarheid vir verkope	930		4 741 400
Verkope van TV stelle	510	9 500	4 845 000
Eindsaldo (29 Februarie 2012)	418	?	?

*Twee TV stelle, wat mees onlangs aangekoop is, is in die proses om dit uit te stal, beskadig.

[20]

6.2 BATEBESTUUR

Die onderstaande inligting is geneem uit die boeke van Sam's Skryfbehoeftes.
Die finansiële jaar eindig op 30 Junie 2012.

OPDRAGTE:

- 6.2.1 Bereken die koste van die voertuig wat verkoop is.
Aangedui deur (a) in die Bateverkoperekening hieronder. (4)
- 6.2.2 Voorsien geskikte besonderhede vir **(b)** en **(c)** in onderstaande Bateverkoperekening. (2)
- 6.2.3 Bereken die wins met die verkoop van bogenoemde voertuig. (4)
- 6.2.4 Die besigheid maak gebruik van die verminderde-saldo (drawaarde) metode om waardevermindering te bereken. Bereken die koers waarteen die waardevermindering bereken word (persentasie). (5)

INLIGTING:

A 'n Ou voertuig is ingeruil vir 'n nuwer minibus (*mini-van*) model. Die opgehoopte waardevermindering op die voertuig was op 1 Julie 2011, R52 000 (die begin van die finansiële jaar).

B Die volgende Bateverkoperekening is gegee:

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN SAM'S SKRYFBEHOEFTE
BATEVERKOPEREKENING (N12)**

2011 Okt	1	Voertuie	(a)	2011 Okt	1	Opgehoopte waardevermindering op voertuie	54 150
		(b)	(d)			(c)	45 000

C TASBARE/VASTE BATE NOTA

	VOERTUIE
Kosprys (1 Julie 2011)	175 000
Opgehoopte waardevermindering (1 Julie 2011)	*
DRAWAARDE (1 Julie 2011)	86 500
Bewegings:	
Byvoegings	120 000
Verkope	*
Waardevermindering	(43 275)
DRAWAARDE (30 Junie 2012)	*
Kosprys (30 Junie 2012)	200 000
Opgehoopte waardevermindering (30 Junie 2012)	*

35

TOTAAL: 300